Beeld-forum:
Aktivisme nodig vir meertaligheid

Feb 14 2005 07:35:32:850PM

Jaap Steyn

*Die nadelige gevolge van transformasie en die intimidasie van Afrikaanse skole deur onderwysdepartemente lei tot verskeie reaksies onder Afrikaners, skryf **Jaap Steyn**.*

Die nadelige gevolge van transformasie en die intimidasie van Afrikaanse skole deur onderwysdepartemente lei tot verskeie reaksies onder Afrikaners.

Die eerste herinner aan iets wat 'n Engelssprekende taalkundige, prof. L.W. Lanham van Wits, eenkeer gesê het. Dis dat Afrikaners en swartes aansienlik meer as Engelssprekendes gedoen het om Engels as omgangstaal in Suid-Afrika te bevorder en te handhaaf.

Die twee groepe stuur graag hul kinders na Engelse skole, sogenaamd om hulle beter voor te berei vir 'n lewe waarin Engels politiek en ekonomies dominant was. Ook in die Boererepublieke was dit die geval.

Oor wat deesdae onder party Afrikaners aangaan, skryf 'n Johannesburgse predikantvriend aan my: "Ek verbaas my hoeveel van my Afrikaanse vriende se kinders in Engelse spogskole is waarvoor hulle ten duurste betaal.

"Ek weet vir 'n feit dat die ouers in sekere NG gemeentes by die leraars kom kla dat hulle kinders nie Afrikaans in die kategese verstaan nie - met ander woorde daar word ook nie meer Afrikaans by die huis gepraat nie.

"Ek luister hoe goeie mense se kinders hulle roep met: 'Where is Dad?' Dis 'n stedelike verskynsel, maar nogtans in opmars. Wanneer jy in die week in Engels skoolgaan, hou jy ook tuis aan om dit te praat. Die meeste ouers doen mee om hul kinders se gebrekkige Engels 'op te knap'. Maar volkome tweetaligheid is feitlik onmoontlik."

Baie ouers dink hulle doen hulle kinders 'n guns deur hulle na 'n Engelse skool te stuur. Iemand uit die buiteland vertel my iets wat baie ander Afrikaners kan bevestig: "Ek is van huis uit Afrikaans en praat Engels met 'n Afrikaanse aksent, maar ek dink ek ken die Engelse letterkunde beter as die Engelse in hierdie Engelssprekend land. En daarby kan ek 'n Engelse brief skryf met minder taalfoute as die grootste gros Engelssprekendes.

"Die storie van in Engels skoolgaan omdat mens later in Engels sal werk of leef, is snert. My seun is 'n wetenskaplike, in Afrikaans opgelei, en neem aan konferensies dwarsoor die wêreld deel. Daar praat hy uitstekende Engels.

"Maar hy merk op wat ek ook op internasionale konferensies opgemerk het: dat wanneer Engels gepraat word, die gehoorstukke vir vertaling dadelik oral verskyn en veral die Spaanse en Mandarynse tolke moet bontstaan! Die oorheersing van Engels is geen uitgemaakte saak nie."

Wat party ouers demoraliseer, is die maghebbers se georkestreerde aanslag op Afrikaanse skole. As 'n politikus nie skel en dreig nie, is daar 'n amptenaar wat slegsê en waarsku. Die getal Afrikaanse skole

het van 1 396 in ses provinsies in 1993 gedaal tot 844 tans.

Maar gelukkig is daar ook 'n ander reaksie. Dit is sterker verset teen 'n onregverdige owerheid. Dis opvallend hoeveel mense van wie jy dit nie verwag het nie, deesdae openlik praat van drukgroepe om Afrikaanse skole te red en hofsake noem as een van die middele. Van Afrikaanstalige ouers sal 59% sterk optrede steun as Afrikaanse onderrig nie beskikbaar is nie. Daar is 'n groeiende besef dat taalaktivisme nodig is om 'n waarlik demokratiese meertalige samelewing te skep.

'n Paar hofsake oor die taaldwang van die owerheid is nog onafgehandel, en die wit, bruin en swart kinders van die landbouskool op Jan Kempdorp het verlede week gestaak en betoog teen 'n onderwysdepartement wat dubbelmedium wil afdwing terwyl hulle gelyke behandeling van Afrikaans en Engels in afsonderlike klaskamers wil hê.

As Afrikaans moet uitsterf, sal die meedoënlose koue oorlog van die maghebbers een van die oorsake wees - veral in die onderwys, maar ook elders. Daarvan getuig die kampanje om Pretoria se naam te verander ondanks die miljard rand wat dit gaan kos en SABC2 se vermindering van Afrikaans op Saterdae tot die halfuur lange nuus.

Maar 'n ander oorsaak sal die houdings van baie Afrikaanstaliges wees. Soos dat mense Engels as "universeel" en dus meerderwaardig aanvaar (hoewel jy só 'n stelling nie teenoor Spaans- of Mandarynssprekendes sal waag nie); dat Afrikaans politiek "onvanpas" is en te veel sogenaamde "bagasie" dra (wat onsin is, gedagtig aan hoeveel onaangename "bagasie" Engels dra); en dat dit "onmoontlik" geword het om in 'n see van Afrika-Engels 'n eilandjie te vorm. Die vernaamste oorsaak sal egter wees dat soveel Afrikaanse ouers die houding van laat-maar-loop vervolmaak het en hulle kinders die pad van die minste weerstand laat kies (met welluidende redes) en bloot staan en kyk dat Afrikaans verdwyn - op skool, en daarmee uiteindelik oral.

Om uit te teken van hierdie E-poslys, stuur 'n E-pos aan:
vva-taalaksie-unsubscribe@yahoogroups.com

Yahoo! Groups Sponsor
ADVERTISEMENT